higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N810**(A)**(J7)H

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# INLEIDENDE MODETEKENINGE N4

(10010464)

**7 Junie 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**VEREISTES:** **Antwoordboek**
**SES A4-tikvelle**
**ALLE modetekeningekunsmedia**

**Eie croquis word NIE toegelaat nie.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye en 6 bylaes.**

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE MODETEKENINGE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.
4. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: 50 punte
   AFDELING B: 150 punte
   GROOTTOTAAL: 200 punte

5. Plaas AL die BYLAES in die ANTWOORDBOEK.
6. Gebruik slegs EEN kant van die tikvelle en plaas dit in die ANTWOORDBOEK.
7. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

### VRAAG 1

- Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Strepe in 'n uitrusting kan gebruik word om 'n persoon korter, swaarder of dunner te laat lyk.

1.2 Elke kleur het DRIE kenmerke of kwaliteite.

1.3 Gedetailleerde produksietekeninge is nie nodig vir finale ontwerpspesifikasies wat na die fabriek gaan waar die uitrustings gemaak gaan word nie.

1.4 'n Produksiepatroon word gemaak van sagte, gladde papier en in verskillende groottes.

1.5 Stensils kan van plastiek of metaal wees en is beskikbaar in verskillende lettertipes.

(5 × 2) **[10]**

### VRAAG 2

2.1 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hier onder te gebruik of woorde neer te skryf. Skryf slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| silhoeët; voorstellingstekeninge; harmonie; ontwerpe; komplementerend of kontrasterend; produksiesketse; skakering/kleur |

2.1.1 Die … is die basiese oorkoepelende vorm van 'n uitrusting.

2.1.2 … kleure verskyn teenoor mekaar op die kleurwiel.

2.1.3 … bestaan uit lyn, vorm, tekstuur en kleur.

2.1.4 … word ook genoem eenheid en word bereik as die fundamentele elemente, naamlik lyn, vorm, kleur en tekstuur gebruik is om 'n enkele konsep of tema uit te druk.

2.1.5 … word gebruik om 'n versameling idees aan kopers voor te lê.

(5 × 2) (10)

2.2 Gee ander bekende name in die modebedryf vir:

2.2.1 Ontwerpontwikkelingsblad

2.2.2 Produksietekeninge

2.2.3 Voorstellingsketse

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou 

2.3 Volgens die vroue-agtkopteorie, op watter lyn sal elk van die volgende voorkom:

2.3.1 Skouer

2.3.2 Middellyn

2.3.3 Heup

2.3.4 Knie

2.3.5 Enkel

2.3.6 Voet

(6 × 2) (12)

2.4 Ontwerp 'n somerspartytjierok vir 'n vyfjarige deur gebruik te maak van die croquis wat in BYLAE A voorsien is. Die rok moet die volgende detail hê:

- Plat kraag
- Gepofte mou
- Geskikte haarstyl en bykomstighede (12)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 3

3.1 Bestudeer die skets hier onder sorgvuldig en teken 'n vrouefiguur wat die uitrusting in die skets dra. Voltooi die voorstellingskets met 'n geskikte agtergrond en bykomstighede. Gebruik die croquis in BYLAE D.



(25)

3.2 Maak 'n produksietekening van die hele uitrusting in VRAAG 3.1 en wys die vooraansig met die korrekte detail en etikettering. Hou AL die vereistes van 'n goeie produksietekening in ag. Gebruik BYLAE B. (25)
**[50]**

## VRAAG 4

**PLAAS AFRIKA SE MANSDRAG IN DIE KOLLIG**

TEMA: *Vier Afrika op 'n lekker en moderne manier*

Met die besef van die gaping in die vinniggroeiende kategorie van mansdrag, het modefotograaf, Simon Deiner en sakeman Ryan Beswick 'n platform ontwikkel wat nou verantwoordelik is vir die bevordering van mansdragontwerpers in Afrika.

[Aangepas uit: *The Star,* 3 Februarie 2017]

4.1 Maak 'n ontwerpontwikkelingsblad van DRIE uitrustings bestaande uit 'n baadjie, hemp, broek, kortbroek, T-hemp en 'n dungaree wat die gegewe tema volg.
Gebruik die croquis op BYLAE E. Hou AL die vereistes vir 'n goeie ontwerpontwikkelingsblad in gedagte. (50)

4.2 Kies EEN van die uitrustings wat in VRAAG 4.1 ontwerp is en maak 'n voorstellingskets (slegs vooraangesig). Gebruik die croquis op BYLAE C. Hou AL die vereistes vir 'n goeie voorstellingskets in gedagte. (30)
**[80]**

## VRAAG 5

Ontwerp 'n dekblad vir jou werk. Plaas AL die modesketse agter die dekblad. Hou al die vereistes vir 'n goeie dekblad in gedagte. **[20]**

**TOTAAL AFDELING B : 150**
**GROOTTOTAL: 200**

Kopiereg voorbehou

## BYLAE A



Kopiereg voorbehou

## BYLAE B



## BYLAE C



Kopiereg voorbehou 

## BYLAE D



Kopiereg voorbehou

## BYLAE E



Kopiereg voorbehou 

**BYLAE F**



Kopiereg voorbehou